# Koring*fokus* Wheat *focus*

VOL 44.5 SEPTEMBER • OKTOBER 2026



## WAT LEWER HEFFINGS AAN BOERE?

**Wiana Louw: More than a manager**

***Leaf rust: Seed treatment / New race***

# Heffings lewer verlangde resultate

Die heffing wat boere vir die ontwikkeling van selfbestuiwende kultivars en tegnologie betaal het 'n positiewe opbrengs gelewer met 231 nuwe kultivars wat in die afgelope tien jaar daaruit gevolg het. Danksy die heffing is R986 miljoen deur die Suid-Afrikaanse agentskap vir kultivar- en tegnologie-ontwikkeling (Sacta) vir teling en tegnologie aangewend.

Tydens 'n verslagbyeenkoms oor Sacta het Andrew Bennett, die agentskap se uitvoerende hoof, gesê vir elke rand wat boere aan die heffing afstaan het hulle gemiddeld R2,20 se waarde ontvang. Sacta het in die afgelope tien jaar bykans R1,3 miljard uit die heffings geadministreer.

Sacta het bereken dat 'n heffingsinkomste van R295 miljoen tot 'n plaashekvoordeel van sowat R482 miljoen lei. Dit kom neer op 'n voordeel van gemiddeld R2,20 vir elke rand wat vir die heffing betaal is.

Een van die pilare waarop die eindpuntheffingstelsel 'n dekade gelede gevestig is, was dat saadmaatskappye danksy heffingsinkomste vergoed en aangemoedig moes word om nuwe kultivars vir die Suid-Afrikaanse mark te ontwikkel. Nuwe rolspelers in die saadbedryf moes ook daarmee gelok word om wêreldklaskultivars en tegnologie aan Suid-Afrikaanse boere te kon verskaf.

In die afgelope dekade is 231 nuwe kultivars van selfbestuiwende gewasse verskaf. Daarvan was 146 sojaboonkultivars, 66 kultivars vir koring, 11 vir gars, 6 vir hawer en 2 vir lupine.

Danksy die inkomste wat saadmaatskappye ontvang het was die Suid-Afrikaanse saadmark weer aantreklik vir internasionale rolspelers. Tien jaar gelede het een van die grondleggers van die nuwe heffingstelsel, Andries Theron, 'n kleingraanboer, gesê 'n volhoubare model vir befondsing kan nuwe (saad)rolspelers lok. Kultivars met hoër opbrengs sal saadmaatskappye én boere bevoordeel, het hy destyds voorspel.

Bennet het gesê vir elke R100 wat uit die heffings ontvang is, is R75 aan saadmaatskappye betaal, R2,50 vir kommissie en sowat R3 vir administrasie afgestaan. In ooreenstemming met statutêre heffings se bepalings is sowat R19,50 aan transformasieprojekte bestee.

Volgens Sacta se finansiële state was die afgelope boekjaar

## Sacta herdenk tien jaar en vereer grondleggers

In sy tiende bestaansjaar het die Suid-Afrikaanse agentskap vir kultivar- en tegnologie-ontwikkeling (Sacta) nie net verslag gedoen van voordele voortspruitend uit heffings van oopbestuiwende gewasse nie, maar ook hulde gebring aan sy grondleggers.

Met die toekenning van sertifikate en erkenning van rolspelers het Ryk Pretorius, voorsitter van Sacta se raad, gesê organisasies is nie net suksesvol weens hul strukture, beleid en befondsing nie, maar ook danksy hulle mense. Met die ontstaan van Sacta was daar mense met visie wat die stand van sake uitgedaag het en bereid was om hulle tyd en energie te belê in iets wat oor die lang termyn tot voordeel van plaaslike landbou kon wees.

Sertifikate van erkenning is toegeken aan Andries Theron, die eerste voorsitter van Sacta se raad, Gert Heyns, eerste uitvoerende hoof, en die raadslede John Odendaal, Mariana Purnell, dr Marinda Visser, dr Lukeshni Chetty, Corné Louw en die voormalige administrateur Leon du Plessis.

Benewens die sertifikate aan grondleggers was daar volgens Pretorius ook rolspelers en hul organisasies wat instrumenteel was in Sacta se grondslag en wat 'n strategiese rol gespeel het. Sulke mense was Patrick Graham, Willem Engelbrecht, dr John Purchase, Jannie de Villiers en Awie Coetzee (eerste administrateur).




**Ryk Pretorius, voorsitter van Sacta se raad, saam met grondleggers van die agentskap wat in die tiende bestaansjaar sertifikate ter erkenning ontvang het: Corné Louw van Graan SA, John Odendaal, voormalige sakebestuurder van Pannar, en Andries Theron, kleingraanboer. Al drie is of was raadslede van Sacta.**





**'n Paneel kundiges het by Sacta se jaarlikse byeenkoms van belanghebbendes onder meer die koringbedryf se uitdagings met kwaliteit, planttelersregte en geenredigering bespreek. Die paneel, met gespreksleier prof Ferdi Meyer van BFAP (links), was prof Marena Manley van die Universiteit van Stellenbosch, Kobus van Huyssteen van Sansor, Corné Louw van Graan SA, Rossouw Swart, kleingraanboer van Swellendam, en dr Melissa van der Merwe van die Universiteit van Stellenbosch.**

se bruto heffingsinkomste R250,961 miljoen. Daarvan was sojabone se bydrae R165 miljoen, koring R72 miljoen, gars R12,5 miljoen, hawer net meer as een miljoen en lupine sowat R200 000.

Altesaam R60 miljoen is aan begunstigdes in die koring-, gars-, hawer- en lupinbedryf betaal. Die meeste daarvan, R50 miljoen, was aan die koringbedryf. Aan sojaboon-begunstigdes is R164 miljoen betaal.

Koring en gars se heffings vir kultivar- en tegnologie-ontwikkeling is in 2016 ingestel, hawer het in 2018 gevolg en sojabone in 2019. Sedert 2021 is 'n heffing vir lupine ingestel. Die heffings word deur die minister van landbou ingestel ná 'n versoek van die onderskeie bedrywe. Dit is in die geval van koring, gars en hawer van toepassing van 1 Oktober af tot 30 September in die daaropvolgende jaar.

Koring, gars en hawer se huidige heffings verval einde September 2026 en beloop tans R35/ton. Sacta het reeds 'n aansoek ingedien om die heffing vir die volgende twee jaar voort te sit. Vir sojabone is die heffing tans R73 en dit verval in 2028.

# Opbrengste beter danksy saadtegnologie

Sacta het 'n beduidende invloed op Suid-Afrikaanse graan en oliesade gehad, het prof Ferdi Meyer, besturende direkteur van die buro vir voedsel- en landboubeleid (BFAP), tydens Sacta se byeenkoms gesê.

Danksy verbeterde saadtegnologie was daar 'n toename in die hoeveelheid graan en oliesade wat per millimeter reën geproduseer word. Suid-Afrika se nasionale opbrengsgemiddeld is deurlopend besig om die gaping in die belangrikste kommoditeite te verklein. In koring se geval was die opbrengsverhoging danksy 'n kombinasie van faktore in die afgelope vyf jaar 5%.

Sedert deregulering het koringhektare verminder en die BFAP voorsien nou 'n konsolidering daarvan op 2 miljoen ton en met marginale groei in die toekoms. Die bedryf bly egter volgens prof Meyer onder druk en produksie haal nie ingevoerde hoeveelhede in nie.

Volhoubare groei van opbrengste is volgens prof Meyer die sleutel tot mededingendheid op uitvoerpariteit.

In die BFAP se vooruitskouing van die volgende dekade het kundiges 'n bestendige toename in koringaanplantings voorsien, van 505 000 ha in 2024 tot 530 000 ha in 2034. Opbrengste kan in winterreëngebied met 1,7% toeneem, in somerreëngebiede met 0,4% en in besproeiingsgebiede met 0,8%.

Die BFAP voorsien in langtermynvooruitsigte dat wintergraanproduksie in die volgende dekade positief kan bly solank produktiwiteit verhoog. Produsente bevind hulle egter onder omstandighede met hoë risiko's waar hulle met volgehoue vindingrykheid en beleggings in gevorderde tegnologie mededingend sal kan bly.

Plaaslike pryse vir wintergraan word volgens die BFAP se kundiges hoofsaaklik deur internasionale markte beïnvloed en is minder sensitief vir die plaaslike vraag en aanbod.